FOUNDATION FOR ALCOHOL RELATED RESEARCH

10 Oktober 2011

PERSVERKLARING: FAStrap© Bewusmakingstaptog van De Aar tot Kimberley: 17 – 24 Oktober 2011

1. Agtergrond

Suid-Afrika het die hoogste gerapporteerde Fetale Alkoholsindroom (FAS) voorkomssyfer in die wêreld, met die hoogste syfer in De Aar, Noord Kaap (122/1000 van die bevolking). Dit beteken dat 12% van die skoolgaande kinders in De Aar die ergste vorm van die Fetale Alkoholspektrum Afwykings/FASA, naamlik FAS het. FASA (en FAS) word veroorsaak deur moederlike alkoholgebruik tydens swangerskap. Alkoholmisbruik word dikwels gekoppel aan onkunde, lae opvoedkundige vlak, lae status van die vrou, gebrekkige ontspanningsgeleenthede, werkloosheid en armoede. 'n Kind met FAS het permanente breinskade en ook ander orgaanskade wat meebring dat hy lewenslange leer- en gedragsprobleme het. Na raming het 2 miljoen mense in Suid Afrika FAS en 'n verdere 6 miljoen het moontlik FASA (met geringer brein en orgaanskade).

Die Stigting vir Alkoholverwante Navorsing (of 'The Foundation for Alcohol Research'/FARR) was die eerste organisasie wat kommer uitgespreek het oor die hoë voorkoms van FAS in Suid-Afrika en wat met gemeenskapsnavorsing, voorkoming- en hanteringsprogramme begin het. FARR is steeds die enigste trots-Suid-Afrikaanse organisasie met die spesialis-kundigheid om FAS te diagnoseer en om hanteringsprogramme vir mense met FAS te ontwikkel.

2. Eerste FAS afname ter wêreld

FARR werk sedert 2002 in De Aar. Die FARR programme in De Aar is die afgelope 4 jaar geborg deur die Tshikululu Stigting (hoofborg), ARA ('Industry's Association for Responsible Alcohol Use) en verskeie plaaslike organisasies soos die Rotariërs, EmpowaGrinacker, die Department van Maatskaplike Ontwikkeling en dies meer. As gevolg van hierdie befondsing, FARR se voorkomings- en hanteringsprogramme en die toewyding van veral die swanger vroue, het die FAS voorkomssyfer in De Aar reeds met 30% gedaal. Dit is die eerste keer in die wêreld wat daar 'n afname in 'n gemeenskap se FAS-voorkomssyfer gerapporteer word. Die model wat FARR in De Aar ontwikkel het word tans voorberei vir publikasie en behoort binnekort vir implementering in ander areas beskikbaar te wees. Die Wêreldgesondheidsorganisasie (WGO) stel ook baie belang in hierdie model.

3. Die FAStrap© bewusmakingstaptog

Ten einde mense bewus te maak van FAS, asook die sukses van die De Aar gemeenskap ten opsigte van hul stryd teen FAS, gaan die Hoof-Uitvoerende Beampte van FARR, Leana Olivier en die FARR Projekbestuurder in De Aar, Lian Drotsky, van 17 – 24 Oktober 2011 van De Aar na

Foundation for Alcohol Related Research
Association incorporated under Section 21
Registration Number: 1997/00190/08
VAT Registration: 4610166615
HWSeta Accreditation: HW591PA1011091
Non Profit Organisation Reference No: 089-368
BBBEE: BRSE004022
PBO: 18/11/13/536
37 Thornhill Road • Rondebosch • Cape Town • 7700 • South Africa
Tel: (+27) (21) 686 2645 / 6 / 7 • Fax (+27) (21) 685 7034
e-mail: info@farrsa.org.za • www.farr-sa.co.za
Directors: Prof DL Viljoen (Chairperson), Prof JP van Niekerk, Dr L Bhengu, Mr AGP Botha, Ms A Sheik, Dr M Urban, Ms L Olivier

Kimberley stap. Hulle sal op hierdie staptog van 290km oor 6dae 'n boodskap van ondersteuning en goeie wense van die Burgemeester van die Emthanjeni Munisipaliteit in De Aar, Mnr Sthonga, na die Burgermeester van die Sol Plaatjie Munisipaliteit in Kimberley, Me Ntlangula, dra. Die afskopseremonie vind op 17 Oktober 2011 om 09h00 by die FARR/Joan Wertheimsentrum in De Aar plaas. Mnr Sthonga se boodskap sal op 24 Oktober 2011 deur Me Ntlangula by die Sol Plaatjie kantoor op Kimberley in ontvangs geneem word. Beide die plaaslike minister van Maatskaplike Ontwikkeling, Mnr Botes, en die Me Ntlangula sal as sprekers by die oorhandigingsgeleentheid optree. Die hoofborg van die FAStrap© Bewusmakingstaptog is 'Mainstream Renewable Power, SA'.

FARR en die Department van Maatskaplike Ontwikkeling beoog om in vennootskap 'n FAS voorkomingsprojek in 2012 in Galeshewe en Roodepan, Kimberley van stapel te stuur. Hierdie staptog sal terselfertyd hierdie onderneming bekendstel.

4. Publieke betrokkenheid en steun

Die FAStrap© bewusmakingstaptog is op 9 September 2011 (Internasionale FAS-dag) op Beyerskloof, Stellenbosch met 'n 3uur lange direkte Radio Sonder Grense-uitsending geloods. Dié oggend is deur die FAITH Fonds geborg en die direkteur van die FAITH Fonds, Beyers Truter en van sy personeel het self die oggend die eerste paar km's ter ondersteuning gestap. Lede van die publiek is genooi om hul ondersteuning aan die veldtog te demonstreer deur self 9 km elk te stap. ('Nege' is simbolies van die 9 alkoholvrye maande van swangerskap om te verseker dat 'n kind sonder FAS gebore word.) Die mikpunt was om 111 lede van die publiek te aktiveer om uiteindelik 999km te stap. Tot dusver het meer as 400 mense al deelgeneem en is 'n totaal van 4 100km reeds aangeteken. Besoek die FARR webtuiste www.farr-sa.co.za om die barometer te sien en ook 'n registrasievorm vir gratis deelname en ondersteuning te bekom.

Die twee dapper stappers beoog om belangstellendes daagliks op die FAStrap Facebook blad (http://www.facebook.com/pages/FAStrap/278139102211975) op hoogte te hou van die staptog en die bewusmakingsprogram wat hulle tydens die staptog gaan onderneem.

FOUNDATION FOR ALCOHOL RELATED RESEARCH

5. Betrokkenheid van die media

Die FAStrap© veldtog het reeds in September media-dekking ontvang. Ons versoek asb TV-, radio-stasies en koerante om FARR te steun deur middel van berigte of onderhoude om sodoende gemeenskappe in te lig oor die staptog en ook die belang van voorkoming van Fetale Alkoholsindroom in SA.

Vir meer inligting, kontak asseblief vir:
Leana Olivier Hoof-Uitvoerende Beampte: FARR Tel: 021-6862646 of 083 275 0202
Ina Viljoen Skakelbeampte Tel: 0834634090

Sien asb die aangehegte program van die FAStrap© Bewusmakingstaptog

290 km FAStrap© Bewusmakingstaptog se Program

17 Oktober	*09h00* *09h30* *17h00*	*Afskop-funksie met Burgermeester by FARR/Joan Wertheimsentrum, De Aar* *De Aar Gemeenskaplede stap eerste 2 km saam* *FAS-program met plaaswerkers en gemeenskapslede op Diepfontein*
18 Oktober	*05h00* *13h30*	*Vertrek* *FAS-program met gemeenskapslede in Phillipstown*
19 Oktober	*05h00* *12h00 – 15h00*	*Vertrek* *FAS-programme by Jeugsentrum en drie plekke in en om Petrusville*
20 Oktober	*05h00* *14h00*	*Vertrek* *FAS-program by kliniek met gemeenskapswerkers en swanger vroue en moeders op Van der Kloof*
21 Oktober	*05h00* *14h00*	*Vertrek* *FAS-program aan gemeenskapslede in Orania*
22 Oktober	*05h00* *14h00*	*Vertrek* *FAS-program aan plaaswerkers en gemeenskapslede in Hopetown*
23 Oktober	*05h00*	*Vertrek*
24 Oktober	*05h00*	*Vertrek* *Arriveer in Kimberley en oorhandig boodskap aan Minister van Maatskaplike Ontwikkeling en Burgermeester (tyd moet nog bevestig word.)*

FARR
FOUNDATION FOR ALCOHOL RELATED RESEARCH

Foundation for Alcohol Related Research
Association incorporated under Section 21
Registration Number: 1997/00190/08
VAT Registration: 4610166615
HWSeta Accreditation: HW591PA1011091
Non Profit Organisation Reference No: 089-368
BBBEE: BRSE004022
PBO: 18/11/13/536
37 Thornhill Road • Rondebosch • Cape Town • 7700 • South Africa
Tel: (+27) (21) 686 2645 / 6 / 7 • Fax (+27) (21) 685 7034
e-mail: info@farrsa.org.za • www.farr-sa.co.za
Directors: Prof DL Viljoen (Chairperson), Prof JP van Niekerk, Dr L Bhengu, Mr AGP Botha, Ms A Sheik, Dr M Urban, Ms L Olivier